

## **Sperdatum vir voorlopige belastingpligtiges, insluitend trusts, is Woensdag 24 Januarie 2024**

**Tshwane, 18 Januarie 2024** - Die sperdatum vir individuele belastingpligtiges en trusts, wat voorlopige belastingpligtiges is, om hulle inkomstebelastingopgawes vir die 2023-belastingjaar in te dien, is Woensdag 24 Januarie 2024. Die 2023 jaar van aanslag verwys na die tydperk vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023.

'n Voorlopige belastingpligtige is enige persoon wat inkomste verdien of aan wie dit toeval, buiten besoldiging. 'n Trust word ingesluit by die omskrywing van 'n "persoon" ingevolge die Wet op Inkomstebelasting, nr. 58 van 1962, en word daarom as 'n belastingpligtige geag.

Alle trusts word vereis om jaarliks 'n belastingopgawe in te dien, insluitend dié wat nie ekonomies aktief is nie. 'n Trustee is die verteenwoordigende belastingpligtige van 'n trust en is daarvoor aanspreeklik om namens die trust in te dien of om 'n geregistreerde verteenwoordiger aan te stel om dit te doen.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem 'n geen-toleransiebenadering tot belastingpligtiges wat nie vir die toepaslike belasting registreer nie, nie belastingopgawes indien nie, nie akkurate verklarings in hulle belastingopgawes aflê nie en wat versuim om verskuldigde betalings aan SARS te maak, waar van toepassing. Nienakoming van hierdie verpligtinge is 'n kriminele oortreding en sal boetes en rente lok.

Vanaf die 2023 jaar van aanslag, word trustees vereis om 'n verpligte stawende dokumente tydens die indieningsproses in te dien. Sodanige dokumente sluit in, onder andere, die trustinstrument, jaarlikse finansiële state, magtigingsbriewe, resolusies/notules van trusteevergaderings en 'n organogram wat die voordelige eienaarskap van die trust uitbeeld. Daarby word begunstigdes van trusts vereis om hulle inkomste, insluitend inkomste uit 'n trust afkomstig, in hulle persoonlike inkomstebelastingopgawes te verklaar.

SARS het dit vir belastingpligtiges maklik gemaak om nakomend te wees by wyse van aanlyn indieningsopsies. Die persoonlike inkomstebelastingopgawe (ITR12) en trustinkomstebelastingopgawe (ITR12T) kan op eFiling verkry word, terwyl 'n afspraak by 'n SARS-tak op die SARS-webtuiste gemaak kan word. Belastingpligtiges word aangemoedig om na die SARS-webtuiste te verwys vir meer inligting oor hulle belastingverpligtinge, [trusts](#), [Belastingseisoen 2023](#) en [voorlopige belasting](#).

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).